

NOTULE

TWEEDE SITTINGS DAG DINSDAG 11 OKTOBER 2016

SESSIE 4 (08:30 – 10:30)

12. DAGOPENING

Die begeleidingsgroep gaan die sinode voor in lofprijsing: Flam 134
Willie van Heerden (kerkraadslid Monumentpark) open die dag met Job 19:1-10.
Sing: Flam 34, Lied 221, Vonk 40, Lied 278.
Slotlied: Flam 134.

Dr. Dewyk Ungerer heet almal welkom vir die dag.

Ds. Paul Grobler tref 'n paar dagreëlings. Die liturgiese kleur van die dag is pers van Lydenstyd.

Die volgende persone word gelukgewens met hulle verjaarsdae:
Ds. Corne Burger (Louis Trichardt), Francois Siebrits (sek: Noordoos-Pretoria)

13. LEERSTELLIGE EN AKTUELE SAKE (STLAS) – bl 27 tot 92

Die verslag word aan die orde gestel deur dr. Fanie Cronje (Riviera-Jakaranda),
voorsitter van die taakspan.

Die voorsitter gee geleentheid aan die vergadering vir oop gesprek oor die tema Skrifgesag.

Dr. Fanie Cronje lewer kortliks repliek.

Die voorsitter gee geleentheid vir tafelgesprek rondom die tema Skrifgesag.

Ds. Paul Grobler tref enkele praktiese reëlings.

Riekie Terblanche (kerkraadslid Rustenburg-Proteapark) doen die tafelgebed.

Die vergadering verdaag vir midbyt (brunch).

SESSIE 5 (11:30 – 13:30)

14. LEERSTELLIGE EN AKTUELE SAKE (STLAS) bl 27 tot 92 vervolg

Die voorsitter gee geleentheid vir die voortsetting van tafelgesprekke.

Die voorsitter gee geleentheid vir terugvoer van die tafelgesprekke deur middel van skriftelike bydraes wat aan dr. Fanie Cronje deurgegee moet word, maar ook vir enkele mondelinge opmerkings vanuit die vergadering.

Die voorsitter verwys die vergadering na bl. 27 – verslag van Leerstellige en Aktuele Sake.

Dr. Fanie Cronje hanteer die verslag na aanleiding van die gesprekdokument oor Skrifgebruik.

Dr. Cronje versoek die vergadering om die inhoud van die gespreksdokument op gemeentevlak met kerkrade te bespreek.

Die voorsitter bedank dr. Cronje en sy span by die Sinode Taakspan Leerstellige en Aktuele Sake vir hulle bydrae.

Die voorsitter stel die verslag van die Sinodale Taakspan Leerstellige en Aktuele Sake (bl 27 -) en die vergadering neem kennis.

15. SINODALE DIENSRAAD (SDR) (vervolg) bl 13

Die voorsitter verwys die vergadering na bl 8 in die agenda (In Memoriam) en meld ook dat die volgende persone in die tyd sedert September 2012 oorlede is:

- Ds. Johnny van der Westhuizen van Pretoria-Oos.
- Ds. Danie Dannhauser voorheen van Montana.
- Ds. Neels van Niekerk voorheen van Rietfontein-Suid, Wonderboom en Overkruin.
- Ds. Hendrik Louw voorheen van Eldoraigue.
- Ds. Jan Human, lidmaat van Overkeuin.
- Ds. Donnie Van der Westhuizen voorheen van Pretoria-Oos.
- Ds. Jan Van Breda, voorheen van Bergsig.

Aanbeveling: bl 9 – goedgekeur.

Die Sinode betuig haar innige meegevoel teenoor die naasbestaendes van die oorledenes en eer die Here vir hulle bediening.

3.1 Fokusareas (bl 13)

AANBEVELING:

Die Sinode neem kennis dat dit so hanteer is (sien 2.1.2.1 van hierdie verslag)

3.2 Ringsbemaagtiging (bl 13)

Ds. Paul Grobler hanteer die verslag oor Ringsbemaagtiging (Bylaag 1 bl 15 by 3.2 van die SDR verslag bl. 15)

AANBEVELINGS: Goedgekeur

3.2.1 Die Sinode neem kennis van Bylaag 1.

3.2.2 Die Sinode gee opdrag aan die SDR om voort te gaan met die besinning oor ringsbemaagtiging.

3.3 Funksionering van Sinodale Strukture (bl 13)

AANBEVELINGS: Goedgekeur

3.3.1 Die Sinode neem kennis dat die periode sedert 2012, ooreenkomstig die besluite van die vorige sinode, 'n oorgang was vanaf diensrade na taakspanne.

3.3.2 Die Sinode versoek die SDR om taakspanne aan te wys soos nodig.

3.3.3 Die Sinode versoek die SDR om verteenwoordigers vir die Bybelgenootskap, kuratoria pensioenfondse, ensovoorts aan te wys soos nodig.

4. BEPLANNING VAN SINODESITTING 2016 – kennis geneem

7. MODERATUUR (bl 14) – (Bylaag bl 18)

4.1 sien verslag: bl 19 Prioritiserings van werk en begroting

2. Begroting (bl 20)

2.1.1 Inkomstebronne (bl 20)

AANBEVELINGS: Goedgekeur

2.1.1.1 Die Sinode neem kennis van die inkomstebronne.

2.1.1.2 Die Sinode keur die instandhouding van die belegging benodig om die subsidies vir emeriti te verseker goed. Die SDR sien toe dat die kapitaal genoegsaam is om die befondsing van die mediese subsidies uit die opbrengs moontlik te maak.

2.2 Finansiële implikasies (bl 20)

AANBEVELING: Goedgekeur

2.2.1 Die Sinode neem kennis dat indien die begroting nie afbestuur word, of die inkomste weselik verbeter nie, projeksies aantoon dat teen 2021 alle fondse van die sinode, kapitaal ingesluit, uitgeput sal word. (Sien grafiek op bl 23 van Agenda)

2.3 Aanwending van Fondse (bl 20)

AANBEVELING: Goedgekeur

2.3.4 Die Sinode:

2.3.4.1 Keur die model vir befondsing soos in 2.3.2 verwoord goed.

2.3.4.2 Aanvaar die beginsel dat die basiese lopende uitgawes deur die basiese inkomste (gemeentelike inkomste en rente na beskerming van kapitaal teen inflasie) gefinansier moet word.

2.3.4.3 Aanvaar die beginsel dat geen medium of langtermyn uitgawes uit korttermyn aanwending van kapitaal befonds kan word nie. (Daar word aanvaar dat 'n minimum belegging van tans ongeveer R34 miljoen benodig word, om as sekuriteit vir mediese subsidies aan emeriti, wat 'n gevestigde reg is, te dien.)

2.3.4.4. Gee opdrag aan die SDR om riglyne, waarvolgens kapitaal binne die begroting (ook die rentekomponent wat vir kapitaalbeskerming ge-oormerk word) aangewend kan word, te ontwikkel.

2.3.4.5. Keur goed dat die moderatuur jaarliks 'n proses fasiliteer waar die SDR en ringe gekonsulteer word oor die prioritisering van werksaamhede voor die goedkeuring van die begroting.

2.4 Riglyne of beleid oor ons ondersteuning (bl 21)

AANBEVELINGS: Goedgekeur

2.4.4 Die Sinode keur die beginsels m.b.t. die prioritisering van die aanwending van fondse soos verwoord in 2.4.1 tot 2.4.3 goed.

2.4.5 Die Sinode keur goed dat 'n proses ingevolge 2.3 en 2.4 deur die SDR gekoördineer word, waartydens met ringe ooreengekom word oor die verantwoordelikheid vir en befondsing van werk wat spruit uit die fokusareas soos deur die sinode goedgekeur.

16. Moderatuur (vervolg) – bl 18

6.1 Samestelling van die nuwe moderatuur (Tweede verslag van die Moderatuur – Bylaag A, los stuk)

AANBEVELING: Goedgekeur

Die Sinode besluit dat die samestelling van die moderatuur gewysig word om soos volg te lui:

Volgens Bepaling 32.2.9 saamgestel uit die moderator, assessor, aktuaris, direkteur, twee addisionele lede en die saakgelastigde van die sinode (adviserend). Persone kan met goedkeuring van die SDR en op aanbeveling van die moderatuur vir 'n spesifieke taak of tydperk gekoöpteer word indien die bedryfsvereistes daarna vra.

Ds. Paul Grobler tref praktiese reelings en die vergadering verdaag vir koffie.

SESSIE 6 (14:00 – 15:45)

17. LEERSTELLIGE EN AKTUELE SAKE (STLAS) (vervolg)

A.11 KERKVERBAND (Agenda bl. 85)

Na inleidende opmerkings van ds. Paul Grobler aangaande die verslag oor kerkverband, word die volgende vrae by die tafels bespreek.

- Hoe verstaan julle die NG Kerk in haar verskillende verbande (Algemene Sinode, Sinode in streke, Ringe, Gemeentes)?
- Hoe beleef julle die huidige gestaltes van ons onderlinge verbondenheid?
- Hoe kan ons onderlinge verbondenheid aan mekaar (ons eenheid) die beste tot uitdrukking kom?

Na die inleidende tafelbesprekings gee oudl.(prof.) Malan Nel terugvoer namens die Ring van Suidoos Pretoria asook dr. Herman Carelsen van die Ring van Pretoria-Noord. Afgevaardigdes kry geleentheid om in die groot vergadering te reageer oor die tafelgesprekke.

Die vergadering neem kennis van die verslag in sy geheel.

#Feesmustfall (Nie in die Agenda)

Ds. Fritz Snyman gee terugvoer oor die situasie rondom die studente-opstande. In die lig van die huidige krisis in hierdie verband verenig die Sinode in gebed rondom die tafels om te bid vir uitkomste in hierdie verband. Ds. Paul Grobler versoek dat daar tydens tafelgesprekke ook gebed sal word vir die onderwys in Suid-Afrika.

Ds. Paul Grobler doen 'n aantal afkondigings:

- Hy noem dat ds. Francois Smit (Pretoria) se moeder ernstig siek is en versoek dat daar ook vir haar gebed sal word.
- 'n Video word vertoon waarin Quagga-poort se 70 jarige bestaan herdenk sal word oor die naweek van 28 tot 30 Oktober. Ondersteuning word daarvoor gevra.
- Hy versoek ook dat uitstallers besoek word tydens etens- en koffietye.

Die vergadering verdaag vir verversings om 15:34

SESSIE 7 (16:15 – 17:45)

18. Voorstel: Ringe

VOORSTEL 2 Goedgekeur en verwys na die nuwe SDR

Die Sinode versoek die SDR om deur 'n taakspan – in aansluiting by die reeds bestaande motivering soos op bl 87 van die Noordelike Sinode se verslag weergegee – 'n voorlegging in oorleg met Ringe vir die Algemene Sinode sisteem op te stel oor die karakter, strukturering en kommunikasie binne die verband.

HL Carelsen
Voorsteller

M Nel
Sekondant

19. KURATORIUM

Die verslag word aan die vergadering voorgehou deur die voorsitter van die Kuratorium, dr. Paul du Plessis. Hy stel ook vir dr. Kobus Myburgh aan die woord om oor die Kerkeie Teologiese Opleiding te praat.

Die vergadering kry geleentheid om op die verslag te reageer en 'n aantal sprekers reageer deur hulle menings te deel en deur vrae te vra.

Die vergadering kry geleentheid om die saak by die tafels te bespreek.

Prof. Danie Veldsman (Voorsitter van die Dosenteraad) kry die geleentheid om 'n woord te spreek en hy bedank die kuratorium vir hulle goeie gesindheid en vir dr. Kobus Myburgh vir die wyse waarop hy reeds inskakel en die verskil wat hy maak. Hy spreek sy trots uit oor die huidige studente wat hulle in moeilike omstandighede op die kampus onderskei.

Na bespreking oor hierdie saak lewer dr. Paul du Plessis en dr. Kobus Myburgh repleik.

AANBEVELING: Goedgekeur

1. Die Noordelike Sinode ondersteun die Teologiese Fakulteit se eeueesvierings in 2017 en wens hulle baie geluk.
2. Die Noordelike Sinode neem kennis van die veranderinge by die Teologiese Fakulteit en die verwickelinge rondom die taalbeleid aan die Universiteit van Pretoria by die Teologiese Fakulteit.
3. Die Noordelike Sinode:
 - 3.1 neem kennis van die dalende studentegetalle en
 - 3.2 besluit om ernstig mee te werk om teologiese studente te werf.
4. Die Noordelike Sinode spreek sy dank uit teenoor dosente wat onder al moeiliker omstandighede die geleenthede vir die koninkryk benut.
5. Die Noordelike Sinode spreek sy dank uit teenoor dr. PR du Toit, GF Claassen, DJ Dreyer, AL Bartlett, mnre. D Koekemoer en G Potgieter, asook me. L van der Kooi en R van Rensburg vir diens aan die sinodes en kuratorium.
6. Die Noordelike Sinode versoek gemeentes om jaarliks op 'n Sondag so na as moontlik aan Pinkster, deurkollekte vir Kerkeie Teologiese Opleiding in te samel.
7. Die Noordelike Sinode versoek leraars om erns met hulle VBO-verantwoordelikheid te maak.

VOORSTEL 1: Goedgekeur

1. Die Sinode versoek dat: die Kuratorium die SDR met die volgende inligting bedien:
 - 1.1 Die aantal studente aan die drie teologiese fakulteite wat NG is, in verhouding tot ander studente.
 - 1.2 Die aantal NG dosente verbonde aan die drie teologiese fakulteite, in verhouding tot ander kerke en christelike denominasies se dosente.
 - 1.3 Die aantal kerklike of ander christelike denominasies wat deel is van die kontrak met die drie onderskeie universiteite by elke fakulteit
 - 1.4 Die finansiële bydrae van die NG Kerk tot elke fakulteit in verhouding tot die universiteitsbefondsing van die fakulteite.
 - 1.5 Versoek die SDR om met hierdie inligting deurlopende gesprek te voer oor die moontlikheid van die skep van 'n eie kerklike teologiese inrigting wat nie 'n staatsinstelling is nie.
 - 1.6. Versoek die SDR om die volgende sinode met so 'n verslag en aanbevelings te bedien.

PJ Kriel
Voorsteller

DS Wilson
Sekondant

VOORSTEL 3: Goedgekeur

Die Sinode dra dit aan die SDR op om die moontlikheid, wenslikheid en implikasies van proponente se koppeling aan ander werksterreine (as gemeentes) in terme van bevoegdheid te ondersoek.

Nelius Steyn
Voorsteller

Gerrie Strydom
Sekondant

20. Afkondigings

Reëlings vir die braai word getref.

21. Dagsluiting

Dr. Chris Harris neem die dagsluiting waar.

Die vergadering sing saam uit Liedere 190 en 163.

Skriflesing kom uit Lukas 17:5-6 en Lukas 7:50

Tema: Kom ons soek ons krag in God, buite ons self.

Gebed: Here, ek bevestig my vertrouwe in U, die Betroubare.

Die vergadering sing weer saam uit Lied 563:1 en 3

Hy sluit af met gebed en doen ook die tafelgebed.

22. VERLOF.

J Beetge, Levubu. Sessie 4 – 7.

PH Bolton, Nylstroom-Oos. Sessie 6.

Ds. K Crous, Warmbad. Sessie 6.

K Germishuys, Warmbad. Sessie 4 – 7.

W Esterhuizen, Messina. Sessie 4 – 7.

Ds. LJ Pretorius, Naboomspruit. Sessie 4 – 7.

D Snyman, Daspoort. Sessie 4 – 7.